

**COUNCIL FOR DEBT COLLECTORS
COUNCIL IN TERMS OF ACT 114 OF 1998**

Saakno: 8/6VDW001/08

In the matter

COUNCIL FOR DEBT COLLECTORS THE COUNCIL

and

**TOBIA IZAK VAN DER WALT RESPONDENT
NOTICE IN TERMS OF REGULATION 7(8)(a) OF THE REGULATIONS
RELATING TO DEBT COLLECTORS, 2003**

WHEREAS: the Council for Debt Collectors received a complaint from Mr. Kotze;
AND WHEREAS: the First Respondent is a registered debt collector with registration number 0022293/07.

NOW THEN TAKE NOTICE THAT: The Council for Debt Collectors (hereinafter called the Council) as per decision of the Executive Committee of the Council, on 24 October 2008 decided to charge the Respondent with the following improper conduct:

CHARGE 1

That during the period July 2007 to February 2009, the Respondent acted in contravention of Paragraph 7(1) and 7A of the Code of Conduct read with Section 15(1)(f) in that, you have acted unprofessionally/contrary to the integrity of debt collectors in general by:

- a) You received a deposit of R10 000 in July 2007 from Mr. Kotze to collect money on his behalf.
- b) No money has been collected to date.
- c) You have despite numerous requests not returned the R10 000 deposit.

TAKE FURTHER NOTICE THAT:

- a. In terms of Regulation 7(9) you must within 14 days from service of this notice, reply in writing to the charge as set out above, by either admitting or denying the charge. Should you admit guilt the Council will deal with the matter as set out in Section 15(3) of the Debt Collectors Act 114 of 1998.
- b. Provide the Council, together with the above mentioned notice, with a physical address where you will accept service of process and notices in this matter.
- c. That failure to respond as requested above will not prohibit the Council from continuing with the process as set out in Regulation .

INVESTIGATION IN TERMS OF SECTION 15(2), ACT 114 / 1998
ONDERSOEK i.g.v ARTIKEL 15(2), WET 114/ 1998

1. Held at **Pretoria** on 13 / 03 / 2009 & 02 / 06 / 2009.

Gehou te _____ op ___ / ___ / 20 ___

2. Investigating Committee (Sect 15(2) and Reg 7(1)(a))

Ondersoek Komitee (Art 15(2) en Reg 7(1)(a))

Chairman / Voorsitter Adv. J. Noeth SC

Member / Lid _____

Member / Lid _____

3. Particulars of Debt Collector(s) charged /
Besonderhede van Skuldinvorderaar(s) aangekla

(a) Tobia Izak van der Walt

4. Person appointed to lead evidence (Reg 7(8)(b))

Adv. A. Cornelius

Persoon aangestel om getuienis te lei (Reg 7(8)(b)) _____

5. Particulars of person(s) appearing on behalf of Debt Collector(s) /

Besonderhede van persone wat namens Skuldinvorderaar(s) verskyn

(a) Tobia Izak van der Walt

6. Charge(s) / Klagte(s)

As per chargesheet annexed hereto /

Soos per klagstaat hierby aangeheg.

7. Plea / Pleit:

Onskuldig

8. The proceedings are recorded by mechanical means/

Die verrigtinge word meganies opgeneem

9. Finding/Bevinding:

Skuldig soos aangekla.

10. Sentence / Vonnis:

1. Kragtens arikel 15(3)(e) van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 word die Respondent gelas om `n bedrag van R 4000.00 aan die Raad terug te betaal vir koste deur die Raad in verband met die ondersoek opgeloo.

2. Kragtens artikel 15(3)(f) van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 word die Respondent gelas om `n bedrag van R 10 000.00 aan mnr. Marthinus Melck Kotze terug te betaal vir die deposito van R 10 000.00 wat mnr. Kotze in Julie 2007 aan hom per kontant tjek oorhandig het.

Indien enige van die afbetalings nie voor of op die vasgestelde datum betaal is nie, is die volle uitstaande bedrag van sodanige afbetaling onmiddellik betaalbaar.

3. Die saak word vir vonnis tot 1 Maart 2010 uitgestel.

disciplinary inquiry report 2009

TOBIA IZAK VAN DER WALT 2009(2) CDC461

465

JUDGMENT

The Respondent was charged with improper conduct on 2 April 2009 before advocate J. Noeth, Chairperson of the Council.

The Council was presented by Adv. A. Cornelius.

Mr. Van der Walt, the Respondent, appeared in person.

He was charged with the following:

CHARGE 1

That during the period July 2007 to February 2009, the Respondent acted in contravention of Paragraph 7(1) and 7A of the Code of Conduct read with Section 15(1)(f) in that, you have acted unprofessionally/contrary to the integrity of debt collectors in general by:

a) You received a deposit of R 10 000 in July 2007 from Mr. Kotze to collect money on his behalf.

b) No money has been collected to date.

c) You have despite numerous requests not returned the R 10 000 deposit."

Mr. Van der Walt pleaded not guilty to the charge.

Mnr. Kotze, die klaer, se getuienis is dat hy deur 'n gemeenskaplike vriend, mnr Willem Geel, by Mnr Van der Walt uitgekom. Hy moes vir hom R 300 000.00 invorder van 'n mnr Jan Barend Prinsloo. Hy getuig dat hy die taak aan mnr Van der Walt opgedra het omdat hy gesê het hy ken die proses baie goed en hy het goeie kontakte en hy kan die hele proses "fast track". Hy ken genoeg ouens in die regsproses en polisiëring en hy sou dus vinniger met die saak vorder. Hy het aan die Verweerder 'n kontant tjek van R 10 000.00 gegee wat hy dieselfde dag getrek het. Hy het nooit die R 300 000.00 gekry nie en die R 10 000.00 is ook nie aan hom terugbetaal nie.

Die Verweerder ontken nie dat hy die R 10 000.00 ontvang het nie en die tjek op die dag van ontvangs in sy bankrekening gedeponeer het en weer die volgende dag onttrek het nie. Sy verweer is dat mnr Kotze iemand gesoek het om mnr Prinsloo "uit te sorteer" en vir hom 'n les te leer. Hy sou hierop aan mnr Kotze gesê het "hy doen glad nie sulke tipe invorderings nie" en "hy loop die reguit pad". Hy het hom toe verlaat. Hy het vir Kotze die middag gebel en gesê "ek het iemand gekry, maar die ou vra kostes. Die koste is "R 10 000.00". Die persoon wat hy gekry het was mnr Paul Church. Verweerder het vir Kotze gebel en gesê dat hy sy geld aan mnr Church oorhandig het.

Mnr Kotze getuig voorts dat hy sedert die datum wat hy die geld aan Van der Walt oorhandig het hom dikwels geskakel het om te verneem hoe die saak vorder. Aan die begin was dit makliker om hom te kry maar later was dit al moeiliker om hom te kry. Hy moes 'n paar keer boodskappe en selfs sms'e los voordat hy na hom terug gekom het. Hy het met horte en stote terug geantwoord tot aan die einde van 2007. Die laaste gesprek was in Desember 2007. Hy is toe deur die Respondent meegedeel dat hy van prokureur verander het omdat die prokureur baie tyd in beslag geneem het. Hy hoop dit sal vinniger gaan "en dat ons vroeg in die eerste twee na drie maande toe van 2008 die saak opgelos sal kry".

Hy het ook aan die einde van September 2007 aan die klaer gesê dat die Prinsloo's die volle bedrag op die 30ste September sal oorbetal. Dit het nie gebeur nie. Hy kon nooit vasstel waar Van der Walt met die saak staan nie.

Gedurende Januarie 2008 kon hy op geen manier met die Verweerder skakeling kry nie. Hy verwys in die verband na e-posse wat hy van die rekenaar afgetrek het. Van der Walt het egter op geeneen van die pogings geantwoord nie en hy het ook nie met Willem Geel kontak gemaak nie.

Van der Walt beweer dat Kotze toe hy die tjek aan hom oorhandig het gesê het hy moet die geld invorder deur middel van die ou wat hy gekry het "en ek het vir mnr Kotze gesê ek sal die persoon kry dat hy jou skakel". Kotze ontken dat hy enigiets van Church weet of dat Church hom ooit gekontak het.

Van der Walt erken dat Kotze hom baie gebel en baie sms'e gestuur het. Hy het as gevolg daarvan onderneem om die Prinsloo's te besoek omdat Church volgens hom toe in die buiteland was.

Alhoewel Van der Walt beweer dat hy die geld vir Church gegee het, het hy geen kwitansie van Church daarvoor gekry nie. Hy erken ook dat hy Church nooit aan Kotze voorgestel het nie, maar dat hy Church net versoek het om Kotze te skakel.

Kotze ontken dat hy enige kennis van Church dra en dat Van der Walt "die volle verantwoordelike persoon om vir my die eis of dan die skuld in te vorder" was.

Kotze se gedrag na die oorhandiging van die geld aan Van der Walt verleen staving aan sy getuienis. Die talle sms'e en boodskappe wat hy gestuur het aan Van der Walt bevestig dat hy optrede van Van der Walt verwag en nie van iemand anders nie. Nêrens in die boodskappe maak hy melding van Church nie.

Dit is ook verbasend dat Van der Walt wat 'n besigheidsman is iemand anders se R 10 000.00 aan Church oorhandig terwyl nog Kotze of enige ander getuie teenwoordig is sonder om 'n kwitansie vir die bedrag te kry nie.

Die Respondent se getuienis is dat hy nie wou betrokke raak by 'n persoon wat bene breek nie, maar tog aanvaar hy die kontant tjek van R 10 000.00. Dit is ook insiggewend dat hy die kontant tjek in sy eie rekening inbetaal het. Waarom het hy dit nie vir Church gegee om in sy rekening in te betaal nie. 'n Kontant tjek kan tog in enige rekening in betaal word. Dit is ook verbasend dat hy wat 'n skuldinvorderaar is die geld wat klaarblyklik iemand anders se geld is, nie in sy trustrekening soos artikel 20 vereis inbetaal het nie maar in sy persoonlike rekening. Van der Walt is versoek om die Raad van die betrokke bankstate te voorsien. Dit het tot op datum nog nie gebeur nie.

Mnr Willem Geel het gesê dat hy vir mnr Kotze ken. Iemand het Mnr Kotze na hom verwys.

Mnr Kotze het aan hom gesê dat hy 'n belegging by mense in 'n swop shop gemaak het. Hy wou gehad het Mnr Geel moet sy geld vir hom terug kry. Mnr Geel het toe vir hom gesê dat hy nie sulke sake hanteer nie en hy het hom toe na Mnr Van der Walt verwys wat skuldinvordering gedoen het. Hy het mnr Van der Walt geskakel terwyl mnr Kotze by hom was. Hulle drie het toe die volgende dag by sy huis in Waverley ontmoet. Sover hy weet het Tobie (Van der Walt) die saak gevat en mnr Kotze het gesê hy is tevrede. Mnr Kotze het hom een tot twee keer in drie maande gebel en gesê hy sukkel om vir Tobie in die hande te kry. Hy het dan vir Tobie gebel en gesê hy moet vir mnr Kotze skakel want hy soek na hom. Die optrede van Kotze bevestig sy getuienis dat Van der Walt die taak vir hom moes verrig en daarom het hy hom gereeld probeer kontak om vordering te verneem. Mnr Van der Walt stel geen vrae aan die getuie nie.

Mnr Geel se getuienis staaf mnr Kotze se getuienis. Nêrens is daar sprake van mnr Church nie. Indien Church in besit

van Kotze se geld was en die taak gehad om die R 300 000 te vorder is dit seker redelik om te verwag dat Van der Walt aan Geel sou gesê het dat hy nie met die taak belas is nie en dat Kotze weet dat Church die taak moet verrig en dat hy hom dus moet skakel. Geen melding word hiervan egter deur Van der Walt aan Geel, wat 'n vriend van hom is, in die verband gemaak nie.

Kotze was 'n goeie getuie wat hom nie weerspreek het nie en wat kalm was en eerlik voorgekom het. Sy getuienis word aanvaar. Van der Walt se getuienis aan die ander kant bevat verskeie onwaarskynlikhede. Hy het ook geen getuienis voorgelê om sy weergawe te staaf nie. Sy getuienis word verwerp.

Die Respondent word skuldig bevind soos aangekla.

Council for Debt Collectors

TOBIA IZAK VAN DER WALT 2009(2) CDC461

470